

## 'n Gevallestudie van hoofrekene-lesse: Ontleding van grondslag-fase onderwysers se opvattinge oor hulle praktyke

---

Navorsing toon dat Suid-Afrikaanse leerders se wiskunde nie op nasionale of internasionale graad-vlak standaard is nie.

My persoonlike ervaring, sowel as die relevante literatuur, toon dat die vertrouwe in tel-gebaseerde strategieë verhinder dat leerders later meer effektiewe en doeltreffende getallereeks strategieë ontwikkel.

Onderrig wat begrip en redenasie aanmoedig, ondersteun die latere ontwikkeling van berekening strategieë wat op beredenering gebaseer is en sodoende die memorisering van feite, reëls en prosedures uitskakel.

Die konsep van 'wiskundige vaardigheid' doen aan die hand dat sukses in wiskunde nie net daarvoor gaan om akkuraat te kan bereken nie, maar ook om wiskunde te verstaan, bestudeer, beredeneer en toe te pas. Dit is 'n vaardigheid wat die onderlinge verhouding tussen 'n stel aksies – wat van ewe belang is – omvat deur berekening, begrip, toepassing, redenasie en betrokkenheid te kombineer.

Hierdie gevallestudie poog om 'n analise te doen van die opvattinge wat grondslagfase onderwysers rondom die onderrig van hoofrekene het, en ook om die onderlinge verwantskap tussen die verskillende dimensies wat onderrig behels, te beskou.

Twee Graad 3 onderwysers het deelgeneem aan die studie. Data is op die volgende maniere bekom: semi-gestruktureerde onderhoude, video opnames van lesse, kontrolelyste omtrent self-ondersoek, en ongestruktureerde onderhoude vir nadenking. Tydens 'n werkswinkel het die onderwysers wiskundige vaardigheid en die gevolglike implikasies vir die onderrig van hoofrekene bespreek. Daarna het hulle d.m.v. video opnames vanuit 'n wiskundige vaardigheids oogpunt besin oor die praktiese oefeninge wat hulle in lesse gebruik het (beide voor en na die werkswinkel).

Die gebruik van 'Active Theory' het getoon dat albei onderwysers bewus is van hoe en waar hulle werkswyse aangepas moet word.

Die bevindings in hierdie studie het die wrywing tussen ou en nuwe praktyke uitgelig en kan moontlik lei tot geleenthede vir verdere professionele opleiding – wat onderrig metodes kan transformeer.